

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Lommentaar

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

GRAAN SA OLIESADE	DATUM	DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2014/10/20	2014/10/17			2014/10/13		2014/09/22		2013/10/21	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent \$/vat (Jun)	86.25	2.58	3.1%	83.67	-4%	89.82	-11%	97.36	-21%	109.75
1 US\$: ? ZAR	11.09	0.010	0.1%	11.08	0%	11.09	0%	11.14	13%	9.79
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 507.33	-34	-2.2%	R 1 540.86	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Corn Dec +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 3 855.85	-74	-1.9%	R 3 929.73	* CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Nov +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 090.41	-28	-1.3%	R 2 118.04	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Dec +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	345.25	-8.00	-2.3%	353.25	3%	334.50	5%	330.25	-24%	456.75
Soybean Spot	946.25	-19.00	-2.0%	965.25	2%	928.25	1%	938.25	-27%	1300.50
Wheat Spot	513.00	-7.25	-1.4%	520.25	3%	500.00	8%	476.75	-28%	709.75
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand)										
SORGHUM Sep 14	2460	-20	-0.8%	2480	-1%	2480	3%	2400	NA	NA
WMAZ SPOT	1941	19	1.0%	1922	5%	1847	11%	1755	-18%	2365
YMAZ SPOT	1957	19	1.0%	1938	4%	1885	12%	1754	-11%	2192
SOY50 SPOT	5130	36	0.7%	5094	0%	5110	-1%	5200	-3%	5290
SUN SPOT	4670	26	0.6%	4644	2%	4585	7%	4380	-12%	5300
WHEAT Dec 14	3651	-19	-0.5%	3670	0%	3650	0%	3667	4%	3498
OLIESADE	2014/10/16	Bron: Oilworld			2014/10/09	Sep 2014	Okt 2013			
Soja-olie Arg FOB	764				-2.7%	785	-1.2%	773	-16.6%	916
Soja-pille Arg FOB	409				3.5%	395	-4.0%	426	-24.7%	543
Sojabone Brazilië	448				0.9%	444	-1.5%	455	-16.7%	538
Soja Persmarge*	202				66.9%	121	45.3%	139		
VSA Runner 40/50	1330				0.0%	1330	1.7%	1308	-2.9%	1370
Sonolie Arg FOB	835				-1.8%	850	-5.4%	883	-13.1%	961
Sonolie Ssee FOB	790				-1.3%	800	3.9%	760	-1.4%	892
Sonneblom SS	380				2.7%	370	6.1%	358	-1.8%	431
Raapsaad EU cif	411				-1.0%	415	0.0%	411	-19.9%	513
Palmk olie Mal EU	885				-6.8%	950	-2.1%	904	-3.3%	915

JONGSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TIME) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

BUITEMARKFAKTORE: Die Rand het sedert 12:00 Vrydagmiddag teen R11.09 verhandel. CBOT mieliepryse het met 2,2% gedaal wat 'n daling in Randwaarde van R34/ton sedert Vrydagmiddag 12:00 verteenwoordig. CBOT sojaboonpryse het met 2% gedaal wat 'n daling van R74/ton verteenwoordig. CBOT sagte koringpryse het met 1,4% gedaal wat 'n daling van R28/ton in Randwaarde sedert 12:00 Vrydagmiddag uitbeeld.

Grondbone: Volgens Oilworld verhandel VSA runner tipe grondbonepryse steeds teen \$1330/ton en is 2,9% laer as 'n jaar gelede maar 1,7% hoër as 'n maand gelede. In die VSA is 33% van die grondbone gestroop en verwerkers probeer nog vasstel wat die kwaliteit van die oes gaan wees wat vanjaar gelewer gaan word. Die oes van grondbone word middel tot laat November voltooi waarna toekomstige prysrigting meer bekend sal word. Die EU en Asië wat VSA grondbone invoer sal eers tot na November wag wanneer die kwaliteit van die VSA-oes meer bekend word. VSA uitvoere groei en grondbontjiebotter uitvoere is 21% hoër as 'n jaar gelede. Rou gedopte grondboon uitvoere is egter 5,4% af teenoor 'n jaar gelede. Gedopte grondboon-uitvoere na o.a. Duitsland en Nederland is 26,1% laer as 'n jaar gelede. Die Argentynse oes beloop 915 971 ton wat 2,3% laer is as 'n jaar gelede.

Sojabone: Die plaaslike persmarge het op 16 Oktober teenoor 'n week gelede vanaf R121/ton tot R202/ton (66,9%) verbeter. Argentynse oliekoekpryse het met 3,5% tot \$409/ton gestyg terwyl soja-oliepryse met 2,7% gedaal het. Plaaslike sojaboonpryse het teen dieselfde prysvlakke verhandel. Die hoër internasionale oliekoekpryse ondersteun 'n beter persmarge en behoort hoër plaaslike sojaboon pryse tot gevolg te hê. Oilworld verwag dat sojaboonaanplantings in Argentinië 19,6 miljoen ha in 2014/15 sal beloop wat ietwat kleiner is as die vorige jaar se aanplantings. Soja-oliekoekvoorraad kan tot einde Desember in die invoerlande knap wees wat en tot laer uitvoere lei. Let op dat Brasiliaanse soja-oliekoek in Rotterdam vir VSA-\$ 444/ton in Oktober aangebied word, vir VSA-\$ 437/ton in Nov/Des en vir VSA-\$ 422 gedurende Januarie tot Maart. Suid-Amerikaanse uitvoer van soja oliekoek gaan in Oktober baie klein wees. Argentynse oliekoek uitvoere word beperk deur produsente wat sojabone vashou en nie verkoop nie terwyl die toename in die uitvoer van VSA oliekoek deur logistiese probleme beperk word.

Sonneblomsaad: Dit blyk asof produsente in Argentinië hul aanplantings van sonneblomsaad na 1,54 miljoen hektaar vir (2014/15) gaan verhoog teenoor die 1,42 miljoen hektaar aanplantings in 2013/14. Die rede hiervoor is dat Argentynse produsente die produksie van sonneblomsaad kan verhoog in reaksie van die verlaagde sonneblomsaadproduksie in die Swartseelende.

Bronne: Grain SA, Oilworld, USDA, JSE, Fin24, Aldebaran

Let asb op die volgende:

Die volgende internasionale markverslae word gepubliseer: Besoek:

Plaaslike markverslae:

For more Gain and Oilseed Insights: www.grainsa.co.za

For more information on this report contact: Wessel Lemmer Email: wessel@grainsa.co.za